

## 27 Junie Josua: 6:1-6 en 22-24

### ***Die Here maak dit maklik***

Stel u voor Die dag waarop jy oorlog moet maak, kry jy die opdrag om eers 'n marathon te voltooi om sewe maal om Jerigo te gaan!

Waarom?

Die Here wou reeds voor die inname van Jerigo aan die volk sê: Oorwinning kom nie deur eie krag of krygsvernuf nie, maar suiwer en alleen van Hom.

Dit was nie nodig om te vra: Hoe sal ons Jerigo oorwin? en waar gaan ons die krag vandaan kry nie?

Voor hulle oë het die wonder geskied: Jerigo se mure het ingetuimel. Met soveel geweld het God alles platgevee en gekompakteer dat Israel met die grootste gemak oor die puin kon gaan.

En daarby het hulle waarskynlik nie 'n enkele vyandige soldaat gevind wat in staat was om teen hulle te veg nie. Die vallende mure het hulle of gedood of vermink.

As u en ek vorentoe kyk sien ons ook hoë mure en hindernisse wat in ons pad staan om die beloftes van God te verkry. En elke keer kry ons ook eers die bevel: "Gaan sewe maal om - lê eers 'n marathon af!"

Maar voor jy moedeloos word - kyk eers terug - en jy sal sien dat God tot op hierdie dag jou gehelp het om oor mure en hindernisse te kom, maar natuurlik *nie voor* Hy jou eers elke keer 'n marathon laat aflê het nie!

En deur jou elke keer 'n marathon te laat aflê, open Hy jou oë dat die oorwinning nooit sal wees uit eie krag nie, maar suiwer uit Hom!

Sing Psalm 36:2

Ds. A.S. Heystek (Akasia)